Citrus Growers' Association OF SOUTHERN AFRICA
Grower levies working for you!

**Dr Boitshoko Ntshabele**
**4 September 2026**
**Week 36/26**

# UIT DIE PEN VAN DIE CEO

***"The sun himself is weak when he first rises and gathers strength and courage as the day gets on." (Charles Dickens)***

## LIMPOPO-INLIGTINGSDAG

Hierdie week was ek bevoorreg om tyd saam met produsente deur te bring tydens 'n gesamentlike inligtingsdag van die Grower Development Company en die Departement van Landbou in Buysdorp, Limpopo. Die tema van die dag was nakoming ('compliance') en verskeie verwante onderwerpe is bespreek, soos biosekuriteit, omgewingskwessies, sowel as arbeids- en sosiale kwessies. Ander onderwerpe wat bespreek is, het die befondsing van die uitbreiding van sitrusproduksie ingesluit. Ons opregte dank en waardering aan die organiseerders en belanghebbendes wat deel was van die gebeure van die dag. Vanuit 'n biosekuriteitsoogpunt, is die provinsie 'n grensgebied, aangesien dit aan Zimbabwe en Mosambiek grens. Hierdie boodskap is duidelik en bondig deur Citrus Research International se voorligtingsbeampte vir die gebied oorgedra, terwyl River Bioscience ook 'n aanbieding oor nuwe plaagbeheerstrategieë gelewer het. In hierdie verband is die produsente ook blootgestel aan die grootste biosekuriteitsbedreigings waarmee die bedryf te kampe het, en mens hoop dat hierdie boodskap goed ontvang is. Boodskappe oor die beskerming van ons bedryf teen eksterne plae en siektes wat moontlik ons land van die noorde af kan binnedring, moet versterk word. Limpopo het ongeveer 47 swart produsente, waarvan ongeveer die helfte aan uitvoere deelneem. Hierdie uitvoer-produsente is ook bewus van die behoefte aan nakoming van standaarde wat toegang tot rakruimte in oorsese markte moontlik maak. Daardie nakoming moet nie as 'n las beskou word nie, maar eerder as die toegangskaartjie tot markte elders in die wêreld. Ons moet verbruikers die versekering bly gee dat sitrusvrugte wat in Suid-Afrika geproduseer word, aan die hoogste standaarde voldoen. Dit was ook bemoedigend om, terwyl ons met die produsente gepraat het, te hoor oor die waarde van mentorskap en die bywoning van studiegroepe en inligtingsdae om hul kennisbasis te versterk en hul groei te ondersteun. Ten spyte van die soms gemengde terugvoer wat 'n mens oor die 'Enterprise Development Funding' hoor, was die terugvoer hier positief. Dit toon hoe belangrik die Grower Development Company se werk is en dat dit in lyn is met die CGA se transformasiestrategie om te verseker dat ons sitrusondernemings ondersteun wat die grootste potensiaal het om te slaag. Na my mening lyk dit asof Limpopo 'n stewige fondasie in hierdie verband het, en met die regte vlak van ondersteuning, is daar besighede wat 'n betekenisvolle bydrae tot bedryfsgroei kan lewer.

## ONGEWONE VALENCIA-SEISOEN

Noudat ons die piek van die Valencia-seisoen bereik het, word produsente aangespoor om die markte waarheen hulle verskeep - veral Europa - baie noukeurig te monitor. Dit was 'n ongewone seisoen op verskeie fronte. Gegewe die gesamentlike druk van klimaatsgebeure, konflikte en wisselende verbruik, moedig ons produsente aan om markinligting noukeurig te volg en in noue kontak met hul uitvoerders te bly wanneer besluite oor verskepings geneem word.

## INTERESSANTE FEITE

Limpopo het in 2025 die voortou met nuwe aanplantings geneem. Verlede jaar is net meer as 400 nuwe hektaar sitrusboorde in die provinsie aangeplant. Sitrus is 'n belangrike werksverskaffer, sowel as 'n ekonomiese enjin vir Suid-Afrika se mees noordelike provinsie.

**Vir die nuutste Suid-Afrikaanse sitrusverpakte en verskeepte volumes, besoek asseblief die CGA-webwerf:**

Stats 01 – Shipping & Cold Stores
Stock Statistics Dashboard | CGA

From the Desk of the CEO
WhatsApp group

CGA Logistics and Shipping
WhatsApp group

CGA Consumer Assurance
WhatsApp group

## GEPAK EN VERSKEEP - VOLUMES

| *Einde van week 35 miljoen 15 kg kartonne* | *Gepak* | *Gepak* | *Gepak* | *Verskeep* | *Verskeep* | *Oorspronklike skatting* | *Nuutste voorspelling* | *Finaal gepak* | *Visie 260* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BRON: PPECB / AGRIHUB | 2024 | 2025 | **2026** | 2025 | **2026** | 2026 | **2026** | 2025 | **2026** |
| ***Pomelo's** | 14.2 m | 15 m | 15 m | 14.6 m | 14.3 m | 17.8 m | 16.1 m | 15.3 m | 15.5 m |
| **Suurlemoene** | 34.1 m | 39.9 m | 49.8 m | 38.4 m | 46.9 m | 45.9 m | 50.2 m | 41.6 m | 43.4 m |
| **Mandaryne** | 39.6 m | 47.7 m | 47.2 m | 42.7 m | 42.5 m | 52.7 m | 49.3 m | 53.5 m | 50 m |
| **Nawels** | 24.1 m | 30.4 m | 23.8 m | 27.9 m | 22.3 m | 30 m | 24.3 m | 31.6 m | 32.3 m |
| **Valencias** | 36.6 m | 47 m | 41.4 m | 37 m | 30.7 m | 63 m | 56.6 m | 62 m | 67.8 m |
| **Totaal** | **148.6 m** | **180 m** | **177.2 m** | **160.6 m** | **156.7 m** | **209.4 m** | **196.5 m** | **204 m** | **209 m** |

* **Verspreiding van Pomelo-verpakte produkte:** Klas 1- en 2-volumes het relatief stabiel gebly teen 12,2 m kartonne (2026) teenoor 13,2 m (2025) en 12,8 m (2024), terwyl PP-volumes toegeneem het tot 2,8 m kartonne vanaf 1,8 m (2025) en 1,4 m (2024).